Volume 4 Issue 1 November 2005

SPP NEWS

Inside this issue:

Debating the WTO and the impact on Agriculture	2
Bitline BK: Ons kon 'n bydrae lewer om armoede ter verlig en werk te skep	3
Women and Trade	4
GMOs: Genetiese Manipuleerde Organismes	5
Sustainable Agriculture	6
58 jarige vrou afgesit van plaas...	
Protesaksies in Brandvlei	7
Kortliks	8
Glossary	

From the Editor...

As promised in the last SPP NEWS, the focus of this newsletter is on Agricultural Trade and the impact on emerging farmers and sustainable agriculture. We will amongst other issues discuss the World Trade Organization)WTO)- decisions / processes and their impacts on emerging farmers.

Topics like Women and Trade, GMO's and related legislature as well as a short input on sustainable agriculture will be covered. We will have a closer look at BITLINE, a Rooibos tea farm and business in the Northern Cape. They are able to export their Rooibos tea. Let us see what we can learn from their experience around international trade.

Dit is ook alreeds daardie tyd van die jaar wanneer baie van u voorberei vir die Kersseisoen. Ongelukkig is dit ook meestal die tyd dat ons 'n toename in plaasafsettings sien. Hierdie situasie van plaaswerkers het plaaswerkers en organisasies betrokke met plaaswerkers, laat besluit om 'n veldtog te begin om 'n moratorium op afsettings te plaas. In hierdie lig vertel Antie Johanna Monk ons haar storie.

SPP vier vanjaar sy 20ste bestaansjaar. Dit is 'n goeie tyd om terug te kyk na die bydrae wat die organisasie gemaak het oor die jare. SPP was instrumenteel in die dokumentering van "gedwonge verskuiwings" in die 80's en gedurende Apartheid. Interessant dat ons twintig jaar later nog steeds 'n stryd voer om ons regte en ons menswaardigheid. Today we are still witnessing massive displacements of people and struggles for land for agriculture in order to alleviate rural poverty.

Ons hoor ook van die Brandvlei gemeenskap se optog en aksies om druk op die plaaslike munisipaliteit te plaas.

Op 19 November gaan ongeveer 200 mans en vroue in Calvinia byeenkom om die Grondberaad resolusies te bespreek assok om strategiee en aksies te beplan om seker te maak dat dit implementeer word. Dit is dus belangrik dat u volhou om uself op plaaslike vlak,)in u onderskeie streke) organiseer en dat u maniere vind om seker te maak dat die Grondberaad resolusies implementeer word.
Terugvoering oor moontlike aksies kan in die volgende uitgawe gedeel word.

Die organiese boerdery en gifstowwe werkswinkels was 'n groot sukses. Dit was veral goed om te sien hoe ons vroue hul ervaringe deel met hul lewendige deelname. Die gevare, en veral gesondheidsrisikos van blootstelling aan gifstowwe, het deelnemers laat dink veral omdat dit algemeen op veral kommersiele plase gebruik word. Plaaswerkers word weereens direk geraak!

SPP acknowledge and honour you for your knowledge, experiences and time that you share with us. We were able to learn from you and hopefully our support to you during this year made a difference in your lives in at least a small way.

We wish you a safe Festive Season with your loved ones.
Sininqwenelela I krismesi emyoli nonyaka omtsha ozele ngama thamsanqa.
Kerswense aan u en u geliefdes.

Tot ons volgende uitgawe dan...

Debating: The WTO and the impact on Agriculture

Small - scale agriculture in the world is rapidly being undermined by a world economic system that results in rural dispossession, the destruction of small-scale agriculture, control and ownership of land and natural resources. This resulted in increased world hunger, poverty, unemployment and inequality because of the uneven distribution of the wealth and

natural resources of within countries and the world.

The current global economic system based on the following principles: the reduction of social spending, export led agricultural system, trade liberalization, privatization of state owned enterprises, scrapping of exchange controls and where the "free market" should be the be key driver of growth and economic development. In essence a few companies and individuals own and control the vast resources)land, capital, companies etc) of countries to the exclusion of the majority of the worlds citizens.

Why have small-scale farmers, workers, the poor and other citizens of the world been protesting against the international trade system, particularly the World Trade Organization (WTO)? The WTO was established at Marrakech in 1994 with the signing of the Uruguay Round on trade agreements. The WTO is a membership organization consisting of 146 governments of the world. Its key responsibilities are to regulate international trade by setting rules and procedures for trade, which countries have to adhere to. The most dominant forces at the WTO are the Unites States of America)USA) and the European Union)EU) in collaboration with big business.

During the Uruguay Round of trade negotiations the Agreement on Agriculture was established. The agreement on agriculture deals with three aspects of agricultural production and trade, which include market access, market distorting domestic support and export subsidies. The unevenness and distortion of agricultural trade have affected the incomes, prices and livelihoods of small - scale farmers in many developing countries. This agreement needs to be seen in the context of the USA and EU the biggest exporters of agricultural products that have over a number of years protected their agricultural industry by means of farmer subsidies, support and restricting market access while preaching to the rest of the world to open up their economies. This has been done through different categories of policies reflected through co lour codes or "boxes" used by the negotiators at the WTO.

The **amber box** focus on policies that affect farmers or producers choice of what to produce. These policies distort trade, which include price supports, direct payments, and input subsidies for seed, fertilizers, irrigation and credit. Countries agreed that their support would not exceed a certain base period level.

The **green box** is policies that do not distort agricultural production and trade and are exempted to reduce or limit support. These include general services like agricultural research, training, extension support etc.

The **blue box** was essentially created as a compromise with the EU. This includes direct payments to agricultural producers where the payment is based on fixed area and yield. The EU in this regard is not willing to remove this kind of support.

In essence countries agreed to remove or reduce support to agricultural producers that impacts negatively of world production, prices and incomes of producers of member countries of the WTO. The three components of the agreement of agriculture, which includes market access, domestic support and export subsidies have to be seen in this context.

Market access refers to the reduction or removal of tariffs to allow access for agricultural exports into the protected market of rich countries like the USA and EU. These countries put pressure on developing countries to open their markets while they)USA and EU) close their markets to products of these countries. The Food and Agricultural Organization)FAO) have shown that agricultural liberalization has led towards an increase in the import of food, a decline in local food production in products that have to compete with cheaper imports, the concentration of farms and the displacement of farm workers.

Domestic support and export subsidies has become one of the key issues dividing the rich and poor countries. The EU and the USA are responsible for most of the export subsidies and domes-

domestic support. It is often pointed out that each cow in the EU receives a subsidy of US $2 each day and in Japan US $8 per cow per day while billions of people of the world live on less than a dollar per day. Developed countries spend over US $300 billion a year supporting farmers in their countries.

The **effect** of these support and subsidies on producers in developing countries has been harmful. In West Africa for example cotton farmers are being crushed by the subsidies, particularly the $4 billion a year that the USA gives to its 25 000 cotton farmers. These American farmers only produce $3 billion worth of cotton, impacting negatively on 11 million cotton producers in West Africa. These subsidies assist the USA farmers to be the biggest exporters, lowering world prices and destroy the world market. These subsidies also result in **dumping** of their subsidized agricultural produce in developing countries, which makes it difficult for farmers to compete against.

Dumping refers to the exporting of products at price below, as a result of a subsidy, of the production cost of another country. This makes it difficult for farmers in developing countries, who are labour intensive to compete with these countries. This further undermines the ability of developing countries to produce food locally to guarantee food security, because of their dependence on importing food. Thus we see that international trade is far from free as some politicians and economist wants us to believe. This has led movements of small-scale farmers, workers, fisher people and other to actively struggle against the WTO, which undermine their countries development efforts.

Agriculture is an important source of livelihood for millions of people in the world, which is rapidly being destroyed. The international trade system could also undermine land and agrarian reform in the long run in S.A. SPP would develop an information booklet which would explain in more detail the WTO and its impact on small scale farmers and how to actively participate in the struggle to transform the WTO and perhaps the world economic system.

Bitline BK: "Ons kon 'n bydrae lewer om armoede te verlig en werk te skep"

Bitline BK het daarin geslaag om eienaarskap tot grond te bekom en vir die afgelope 5 jaar kon hul kop bo water te hou, hul Landbank lening gemaklik hanteer, meeding op nasionale en internasionale markte, maar ook hul hulpbronne deel met ander bv. die beskikbaarstelling van hul implemente aan die opkomende boere van Melkkraal om hul land te ploeg voor saaityd. Lionell Louw van Bitline se in die proses het hulle hul lewensstandaard verbeter en kon hulle 'n defnitiewe bydrae lewer om armoede te verlig deur werksgeleenthede plaaslik te skep.

Vir die sny van toptee gedurende die 2004 seisoen was twee mans en drie vroue vir 'n periode van twee weke in diens geneem. Auntie Elsie van mening dat die kapasiteit van die werkers sowel as die van hul lede gebou is deur die oordrag van vaardighede en indiensopleiding.

Hierdeur het Bitline BK 'n enorme bydrae gelewer tot die ontwikkeling van mans en vroue in die dorp en streek.

Gedurende September 2004 het Bitline BK lidmaatskap tot die Heiveld Koöperasie verkry. Dit het meegebing dat hulle vir die verbouing van organiese rooibostee moes registreer onder die Regverdige Handel ")"Fair Trade") beginsel. Die standaarde is onder andere om te verseker dat 'n goeie boekhouding stelsel implementeer word; en dat binne die raamwerk van die verskillende arbeidswette gehandel word. Hierna kon Bitline BK hul produkte internasionaal bemark an van hul organiese rooibostee was suksesvol uitgevoer na Europese lande o.a: België, Nederland, Duitsland, Italië, Verenigde Koninkryk, Amerika en Kanada. "Fair Trade"maak dit moontlik vir die lede om 'n bydrae te lewer tot gemeenskapsontwikkeling en terselfdertyd om hul produkte volhoubaar te bestuur.

Die tee word organies verbou, gesertifiseer en gesteriliseer en is wereldwyd bekend as van die beste tee op die mark. Verdere vereistes van "Fair Trade is dat geen kunsmis of chemikalieë vir 'n tydperk van drie jaar gebruik mag word in die organiese verbouingsproses nie.

Gedurende 2003/4 het Bitline hul produksie bemark aan Roobostee Bpk @ R4.00 per kilogram)nat tee) en R11.00 per kilogram)droë tee). Gedurende 2003 het die Heiveld Koöp geregistreer by die Fair Trade Labeling Organisation)FLO), en is die eerste en tot op datum die enigste gesertifiseerde FLO organiese Rooibostee produseeerder.

Hierde proses maak dit moontlik om ekstra kapitaal te verseker vir opkomende boere. Dit word verkry om infrastruktuur op die grond te verbeter.

Oom Jannie sê: Die verskil in prys tussen die verbouing van gewone rooibostee en die van organise rooibostee is dus noemenswaardig. Onderhandelinge en maniere word steeds ondersoek om te kyk na die beste opsies om die "middelpersoon" uit te skakel om sodoende 'n groter wins in ons omgewing en gemeenskap terug te ploeg.

Voortspruitend uit ons lidmaatskaap aan die Heiveld Kooperasie kry ons ontsettend baie blootstelling. Verskeie opleidingssessies is deur Agri-Academy aangebied. Sodoende word ons direk met oorsese markte verbind.

Lionel het onlangs 'n nasionale konferensie in Midrand Johannesburg omtrent klimaatsverandering bygewoon as verteenwoordiger van die Heiveld Koöperasie.

Tydens die konferensie is 'n voorlegging deur verteenwoordigers van Heiveld gedoen oor grondvlak navorsing, waarin ses opkomende boere ingestem het om reenval patrone oor 'n tydperk dop te hou. Hieruit kon die opkomende boere hul eie gevolgtrek maak en die geleentheid kry om hul plantroetine vroegtydig aan te pas. Hul kennis van klimaatsveranderinge is verbreed en aanpassing strategieë kan sodoende ontwikkel word.

'Die boodskap van Bitline BK aan voornemende boere is dus hard en duidelik naamlik **"om oorweging te skenk aan die verbouing van organiese produkte wat ook die wêreldwye tendens is."**

Women and Trade

Suid Afrika se word dwarsoor die wêreld geloof vir haar grondwetlike verbintenis tot geslagsgelykheid en regverdigheid. As daar egter gekyk word na die impak van ekonomiese transformasie, veral op die lewens van arm swart vrouens, dan is dit 'n ander prentjie wat die lig sien.

Sekere werke word gesien as 'mans werk' en ander as 'vroue werk'. Hierdie tipe van onderskeiding plaas geweldige ekonomiese en sosiale druk op vrouens en hulle toegang tot beter betaalde werk en opleiding is minimaal. Dit is arm swart vrouens wat die meerderheid werkers in die informele ekonomie sowel as die laags betaalde segmente van die formele arbeidsmark in Suid-Afrika uitmaak. Plaaswerkers mans word beter betaal as vrouens en hul aanstellings is ook meer permanent.

Die bekende ekonoom, Sen)1981) sê soos markte deur landelike areas versprei, verander dit mense se oorlewings strategie en planne, want hulle raak afhanklik van markte om goedere te verkoop, ten einde hul arbeid te verkoop om kos te koop. Hy sê, waar mense histories ruil handel gedoen het met hul vaardighede,)met ander woorde ek doen vir jou dan doen jy vir iets in ruil vir my), word alles vandag omgesit in geldwaarde.

Daarom is dit so belangrik dat ons kyk na eienaarskap van bronne, die terme waarvolgens mense die mark betree en wat hul vermoë om handel te kan dryf beïnvloed. Sen druk ons dus om meer kritiese vrae te vra, met ander woorde ons kan nie sê vrouens kan nie kos koop nie omdat hulle nie geld het nie, maar ons moet vra hoekom hulle nie geld het nie.

Dit dwing ons dus om te kyk na die nie-mark verwante verhoudings wat 'n impak het op die bestaande mark strukture rondom ons. Die vraag is dus of 'n vry mark werklik bestaan? Nee, daar is nie iets soos 'n vry mark nie.

Alle markte word gestruktuur deur staat aksie en beleid, die enigste verskil is die terme waarin die staat die mark struktureer. Kom ons verduidelik hierdie stelling in die lig van vrouens se rolle in die huishouding.

Die skadu kant van wat 'vrouewerk' genoem word is die feit dat die werk wat vrouens in die huis en in die gemeenskappe doen nie erken word nie. Die versorging van kinders, ou en siek mense maak dit dikwels moeilik vir vrouens om die formele arbeidsmark te betree. Dwarsoor die wêreld is daar bewys dat indien die staat sosiale program en ondersteuning vir die 'omgee ekonomie' of soos hulle in Engels sê, die 'caring economy' verbeter die kwaliteit van vrouens se lewens daadwerklik.

'n Land soos Suid-Afrika wie se handels beleid hoofsaaklik gefokus is op uitvoer)om deel te word van die wêreld mark) maak korte mete van sy sosiale ondersteunings programme en is dit van die eerste segmente wat gesny word. Die inkorting van goeie kwaliteit gesondheidsdienste in landelike gebiede is 'n direkte gevolg van die land se makro ekonomiese beleid.

Dit beteken dat vrouens dubbel belas word, want selfs al het sy 'n vaste werk iewers, moet sy nog steeds alleen verantwoordelikheid neem vir die versorging van siekes, oues en kinders. Sommige vrouens maak die besluit om nie 'n vaste werk te neem nie, maar eerder skropwerk doen, want dan hoef sy nie haar huishoudelike pligte af te skeep nie.

Handels liberalisasie beteken die staat vra nie belasting of belas ander lande minder om goedere en dienste bv. na Suid-Afrika in te voer.

Sodoende vloei meer goedkoop goedere en dienste die land binne. Die plaaslike industrieë en markte word nie langer beskerm van kompetisie buite die land nie.

Viviene Taylor, 'n kampvegter vir vroue regte, sê die realiteit is dat ontwikkelende land)soos Suid Afrika) dwarsoor die wêreld slegs twee mededingende en lewensvatbare uitvoere het en dit is)i) tekstiel & klere, en)ii)die landbou sektor. Hierdie twee sektore is van die min areas waar miljoene laaggeskoolde arm vrouens in ontwikkelende lande nog werk kan kry en die aftakeling van hierdie industrieë vorm die basis vir verdere verarming van vrouens. 'n Goeie voorbeeld is die klerebedryf in die Wes Kaap wat lam gelê is deur goedkoop invoere, veral van China. Daar word bereken dat in 1998 alleen, meer as 20 000 – 22 000 vrouens werkloos gelaat was deur afdankings en fabrieksluitings .

Kom ons kyk na grondhervorming en die landbou sektor. Ons moet onthou, die eienaarskap van bronne soos grond laat sommige groepe toe om ander te oorheers en kwesbaarheid te verdiep. Wanneer landbou uitvoere prioritiseer word vrouens se risikos om kosvoorrade vir hul huishoudings en gemeenskappe te beheer en voorsien al hoe meer.

Volgens Mohau Pheko, van die Gender & Trade Netwerk, word dinge nog verder ingewikkeld gemaak, omdat arm landelike vrouens se geleenthede om in uitgebreide uitvoer produksie deel te neem beperk word deur geslagsongelykhede ten opsigte van toegang tot grond, tegnologie, krediet, opleiding en vervoer fasiliteite.

Intensiewe kommersiële landbou praktyke vir uitvoer markte het 'n direkte impak op tradisionele en inheemse landbou kennis en praktyk sisteme.

As arm landelike vrouens se toegang tot grond beperk word sodat hulle nie eens hul basiese huishoudelike kos behoeftes kan voorsien nie, word hulle gedwing om op plase te werk as tydelike seisoen werkers.

Die werklike koste van handels liberalisasie is oneweredig en beid bitter min geleenthede vir vrouens en die armes as 'n geheel.

Geneties Gemanipuleerde Organismes (GMOs)

Biowatch Suid-Afrika is 'n nasionale nie-vir-wins organisasie, wat biodiversiteit en volhoubare ontwikkeling voorstaan. Deur navorsing, aktiewe ondersteunings- en promosie werk en die deel van inligting is dit vir Biowatch Suid-Afrika moontlik om die bedreigings teen - en moontlikhede vir - biodiversiteit en volhoubare ontwikkeling bekend te maak.

Ons beskou GMOs as 'n groot bedreiging vir biodiversiteit en volhoubare ontwikkeling. GMOs is die produk van 'n proses van genetiese manipulering.

Genetiese manipulering is 'n proses waardeur die gene van een organisme geplaas word in die genetiese string van 'n ander organisme om 'n GMO te produseer. Die proses vind plaas in 'n laboratorium en word assosieer met wetenskaplike onsekerheid. Dit is nie 'n normale biologiese proses soos bestuiwing of bevrugting nie, want die gene word van heeltemal onverwante spesies word kombineer.)wat in die natuur nie natuurlik met mekaar sal bevrug of bestuif nie. Met ander woorde, wetenskaplikes sal byvoorbeeld - met die ondersteuning van groot multinasionale korporasies – die gene in 'n vis identifiseer)wat dit help om koue temperature te weerstaan), en dit plaas in die genetiese string van 'n tamatie. Die resultaat is 'n GM tamatie plant wat koue temperature kan weerstaan. Boere kan dan tamaties regdeur die jaar plant in areas waar hulle dit nie voorheen sou kon doen nie.

Behalwe die onetiese aard van die tegnologie en die wetenskaplike onsekerheid wat daarmee gepaard gaan, is Biowatch Suid-Afrika ook bekommerd oor die moontlike ekonomiese, omgewings-, en sosiale impak van GMOs. Wanneer 'n GMO in die omgewing losgelaat is, is daar geen manier om dit 'terug te roep' of die proses 'om te keer' nie. Dit kan lei tot die verlies van ons natuurlike saad en plante en die skending van ons omgewing. Die impak van GMOs op ons gesondheid is nog nie voldoende getoets nie. Die beheer wat multinasionale korporasies uit-oefen oor hierdie tegnologie, kan lei tot hoër landbou insetkostes vir kleinskaalse opkomende boere en kan landelike lewenswyses drasties en negatief affekteer.

GMOs word al in Suid-Afrika toegelaat vanaf 1992, selfs in die afwesighed van spesifieke wette of regulasies om GMO aktiwiteite te beheer of reguleer.

GMO wetgewing

In 1997, het die Parlement die GMO Wet gepromulgeer. Hierdie wet is 'n swak instrument om GMOs te beheer en te beskerm anngesien die belange van groot multinasionale korporasies wat GMO tegnologie besit bevorder word.

Biowatch Suid-Afrika en ander nie-vir-wins organisaies veg al vir 'n paar jaar vir die herskryf van die GMO Wet. Die Departement van Landbou, met hulp van die GMO Wet, het gereeld informasie oor aktiwiteite rondom GMOs in Suid-Afrika geweier of vertraag. Soveel so dat Biowatch Suid-Afrika geforseer was om hulself na die howe te wend om die informasie te bekom. Die hof het in Biowatch Suid-Afrika se guns besluit en die Departement van Landbou beveel om die infligting beskikbaar te maak.

Die Departement van Landbou het in Augustus 2005, veranderinge aan die GMO Wet aan die Parlement voorgelê, vir die publiek se insette. Dit gee aan nie-vir-wins organisasies die kans om GMO wette te beïnvloed sodat dit die belange van armes in ons land beskerm.

Ons sleutel bekommernisse oor die Wet en sy voorgestelde veranderinge is as volg:

- ✍ publieke deelname
- ✍ verantwoordelikheid val op die eind-

gebruiker)boere en verbruikers) en nie die eienaars van die tegnologie)multinasionale korporasies) nie.

✍ Dat die 'voorsorg beginsel' nie gebruik word nie.

✍ Dat die regte van boere en verbruikers nie beskerm word nie.

Biowatch Suid-Afrika staan aan die voorpunt van 'n program om geaffekteerde gemeenskappe, opkomende boere, verbruikers en geloofsgemeenskappe te betrek om Parlement te beïnvloed om die nodige veranderinge aan die Wet aan te bring om sodoende die belange van armes in ons land beskerm.

Sustainable Agriculture

A growing international movement for sustainable agriculture has emerged over the last two decades. The movement is promoting another vision of agriculture by challenging industrialised / commercial agricultural practices that contribute to social and environmental problems.

The concept of sustainable agriculture is however thought provoking and takes a hard look at and challenges present food production systems. It also provides some urgency that is generating innovative thinking in the world of agriculture. Despite the heavy environmental bias in the concept of sustainability, for starters sustainable agriculture should aim for a balance between nature, economy and society.

Sustainable agriculture is a new approach to farming that focuses on farms as systems that rely on fewer pesticides and fertilizers. Such systems seek to accomplish multiple goals of quality products, profit for farmers and minimal environmental pollution. Sustainable agriculture should integrate environmental health, economic profitability and social and economic equity.

The concept of sustainability underscores the need for agriculture that meets today's needs without compromising the ability of future generations to meet their own needs. Stewardship of both natural and human resources is particularly important.

A number of farming systems that integrate environmental health, economic return and social and economic equity include organic farming, biological farming, bio-dynamics farming and others. Among other techniques sustainable farming systems include crop rotation, cover crops, natural soil enrichment through composting, use of natural pest predators and bio-intensive integrated pest management among others.

Sustainable agriculture approaches and systems often take time to develop, and as such require effectively coordinated policies just like those supporting industrial agriculture. In addition to strategies for conserving natural resources and changing production practices, sustainable agriculture requires a commitment to changing public policy, local institutions and social values.

The strategies for change must consider the complex, reciprocal and ever-

changing relationships between agriculture and society. Comprehensive public policy should cover extension services, marketing of food systems, land use, labour, consumers and food, research and appropriate conservation and environmental subsides.

Sustainable agriculture faces several other challenges that include dysfunctional markets, policy failures, making markets work for smallholder producers, rural poverty, HIV/AIDS, drought, technological and research bias, gender imbalances, access to land and sustaining local institutions.

A wide range of strategies and approaches are necessary to create sustainable food systems. The strategies should range from specific and concentrated efforts to alter specific policies and practices as well as reforming key institutions, rethinking economic priorities and challenging widely held social values.

58 jarige vrou afgesit van plaas...

Johanna Monk was born in 1947 and since the age of two years stayed on the farm Plattekloof, owned by Jakobus Burger. She started working on the farm since the age of 8 years, married on the farm and all five her children were born on the farm. Her husband and two of her children have since passed on and all are buried on the farm Plattekllof. Johanna was a domestic worker for Jakobus Burger and looked after him and his family for 41 years until he died in April this year)2005). Jakobus built a house on the farm of Saul Burger where her husband and children stayed. Johanna currently stays with her children.

Jakobus Burger bequeathed all his possessions and assets as gratitude for good and loyal service to him and his family. A week after the funeral Kobus van der Merwe)the new owner of the farm) came to Johanna to ask when she will be looking for another accommodation. He gave her written notice to vacate the house by end of June 2005 and even suggested the house on Saul Burger's farm. Johanna then consulted with the Surplus People Project)SPP). The case was referred to the Department of Land Affairs who on their part referred the matter to the University of the Western Cape Law Clinic.

A week later Kobus van der merwe entered Johanna's house without permission)he intimated that he owns the house and requires no permission to enter after all). On 3rd October, on the instruction of Kobus, two of his workers came to remove Johanna's coal stove. Johanna stated that the stove belongs to her and that he needs to pay it. They continued to also knock down some of the walls.

Johanna then contacted SPP, who then went with her to the farm and witnessed the workers knocking down the walls. The workers clearly articulated that their instruction came from Kobus van der Merwe.

Johanna gets a disability grant. The house on the farm Plattekloof is now inaccessible as the lock has been changed, the

the stove has been removed and part of the outside and inside walls has been knocked through.

On the 3rd of November Jakobus van der Merve and his father in law Boy Burger)also a lawyer) opposed the case in court. Unfortunately the court decided in favour of Kobus van der Merve. He since has taken the furniture of Auntie Johanna to the farm of Saul Burger.

This case raises many questions….

SPP is committed to support Aunty Johanna in taking the case to another level.

Protesaksies -Brandvlei

Rondomskrik is 'n informele nedersetting in Brandvlei. Inwoners sukkel reeds 'n geruime tyd om behoorlike behuising te kry.

Sondag 16 Oktober 2005 is die gebied getref deur 'n geweldige storm wat strukture omgewaai en daaglikse lewens ontwrig het. Die gevolg was dat tientale leerders nie Maandag 17 Oktober by skole kon uitkom nie. "Ons mense kry swaar onder die gedruk van armoede" sê 'n inwoner van Brandvlei.

Hierdie toedrag van sake het veroorsaak

dat 'n groot groep inwoners van Rondomskrik asook simpatieke inwoners wat nie deur die storm geraak was nie, opgeruk het na die munisipale kantore om te hoor wanneer die beloofde huise wat reeds in Maart 2005 gebou sou word, wel opgerig sal word.

Die antwoorde wat gegee was op hierdie vrae het die ontstoke groep mense verder ongelukkig gemaak en het die groep toe besluit om die R27 af te sper met brandende buitebande. Die R27 dra redelike verkeer tussen Calvinia en Upington en verbygaande motoriste moes soms ure wag om deurgelaat te word.

Geeneen van die motoriste is leed aangedoen nie en inwoners wou slegs uit moedeloosheid hul storie bekend maak aan die wyer publiek. Tydens die blokkasie van die R27 het onderhandelinge tussen politici en plaaslike leiers uitgeloop op beloftes en inwoners wou nie aan hierde beloftes sluk nie.

Uiteindelik is ooreengekom dat indien hierdie beloftes op skrif deurgegee word, die inwoners die pad oop sal maak. Die polisie het die gebeure geduldig op 'n afstand gemonitor en is versterk deur lede van Calvinia, Upington en Springbok.

Inwoners is daarna terug na die Munisipale kantore om verder optredes te beplan en om 'n komitee daar te stel wat sou vorendag kom met name vir die tien huise wat gebou gaan word.

Werklose vroue baat met meentgrond—Sutherland

Die Rebelskop Opkomende boerevereniging was gestig in 1998, en het begin met 'n totaal van 21 boere, waarvan sewe vroue was. Hierde groep het die SPP kantoor in 1999 genader om hulle behulpsaam te wees met die verkryging van grond. Hulle behoefte is aan die Department van Grondsake voorgelê en in same-werking met die Karoo Hoogland munisipaliteit is hierde proses gefasiliteer.

Die plaas Kuilenburg, ongeveer 20 km buite Sutherland is in Oktober 2001 goedgekeur en in Desember 2001 in die naam van die Karoo Hoogland munisipaliteit getransporteer. Vanuit hierde groep het die vroue, by name die Venus Susters die gedagte van 'n gastehuis geinsieër en dié idee om die Kuilenburg plaashuis vir die doel aan te wend aan die Raad voorgelê.

Dit is ideal geleë, oppad na die sterrewag en kan dus gerieflike akkommodasie vir toeriste, wie die "SALT")South African Large Telescope) besoek, bied.

Op 1 September 2000 het die baanbrekerseremonie vir "SALT"plaasgevind.

Dit is die grootste, enkele teleskoop in die Suidelike halfrond. Hierdie geleentheid het meegebring dat 'n verskeidenheid rolspelers betrek moes word by die Ontwikkelingsplan van die Raad, waarna verwys word as die Sutherland Vyf jaar Ontwikkelingsplan. Verskillende rolspelers o.a die departemente van ekonomiese sake, arbeid, plaaslike regering en behuising, wetenskap en tegnologie asook SPP was by verskeie geleenthede in gesprek met die Raadslede ivm die plan, en hoe ons as rolspelers van hulp kan wees in hierdie proses.

Sedert 2001 was daar indringend gekyk na befondsingsmoontlikhede om hierdie gastehuis 'n realiteit te maak.

Die projekleier van die Venus Susters, me Maria Chadow sê "Daar word nie veel van die dorp vertel behalwe van die sterrekundiges wat by die sterrewag werk en besoek nie." **Sy en haar projekspan wil iets doen om die gesig van armoede in hul dorp te verander.**

Hierdie projek het bygedra dat ons selfvertroue gegroei het en andere kan sien waartoe ons in staat is. Hulle sal ons nou ook begin respekteer. Die Venus Susters bemagtig vroue om entrepeneurs te word.

Hierdie vroue doen nou die nodige kennis en vaardighede op t.o.v besigheid en ook hoe om hul eie lewenskwaliteit te verbeter. Die Venus vroue het groot baat gevind by hierdie besondere geleentheid, en die gebruik van addisionele meentgrond baan die weg tot groter dinge.

Kortliks

Hantam Karoo

On the 19 November 2005, there will be a joint emerging farmers association)EFA) strategy planning.)West Coast, Namaqualand, Hantam Karoo). This session will give a report back and overview of post Land summit events and options on the way forward will be explored. .

Venus Susters, 'n vroue groep in Sutherland wil iets doen om die gesig van armoede in hul dorp te verander. Meer details hieroor in die volgende uitgawe van SPP NUUS.

West Coast

A campaign for improved conditions of employment for farm dwellers will be held
Date: 26 November 2005
Where: West Coast—Vredendal

Cederberg EFAs receive financial training

Emerging farmers in the Cederberg municipal area attended and completed a basic financial course in October . Representatives from the towns of Citrusdal, Clanwilliam , Elandsbaai and Graafwater attended the course over six sessions)three weekends). The training was conducted by Virginia Brookes from the Community Law Centre at the UWC. Attendees received certificates and special awards for their hard work and commitment on the last day of the course.

The knowledge that EFAs aquired will help them to manage their cash flow within their projects. This training also came at the right time as EFAs are about to sign lease agreements for commonage land within the district. SPP is proud to have been part of this effort to capacitate emerging farmers and look forward to doing the same for EFAs in the Matzikama and DMA areas.

At SPP…

We said goodbye to Ndumi in the last SPP NEWS and now give a warm welcome to Vuyokazi Ntshakaza, who will be responsible for the SPP NEWS in future. Henry Fredericks also joined the SPP team and will be the manager for the West Coast programme.

In the booklet on WTO we will further expain the meaning of all these concepts, terms and acronyms.

Meer oor die WTO en verwante konsepte in die publikasie soos belowe.

Surplus People Project

Kaapstad Kantoor:
Collingwood Weg 45, Observatory
Posbus 468, Athlone, 7760
Tel: +27 21 448 5605
Faks:: +27 21 448 0105
E-pos: spp@spp.org.za

SPP Calvinia: Posbus 228, Calvinia, 8190. Tel: +27 273 411 753
Faks: +27 341 2548
E-pos: pedro@spp.org.za

SPP Namakwaland
Posbus 669, Springbok, 8240
Tel: +27 2771 81370
Faks: +27 2771 81302

Glossary:-

Market access refers to the reduction or removal of tariffs to allow access for agricultural exports into the protected market of rich countries like the USA and EU.

Dumping refers to the exporting of products at price below, as a result of a subsidy, of the production cost of another country.

Handels liberalisasie beteken die staat vra nie belasting of belas ander lande minder om goedere en dienste bv. na Suid-Afrika in te voer.

Genetiese manipulering is 'n proses waardeur die gene van een organisme geplaas word in die genetiese string van 'n ander organisme om 'n GMO te produseer.

GMO—Geneties Manipuleerde Organismes

WTO—World Trade Organisation